

Jan Steyn preek 31 Maart 2019

Tema: Kajafas en ons

Tekste: Johannes 11: 45-57, Mattheus 26:57-68, Handeling 4:1-22.

Wie was Kajafas?

Hy was die Joodse Hoëpriester vanaf 18 tot 36 na Christus. Hy was die skoonseun van Annas wat voorheen as Hoepriester gedien het. As hoëpriester het hy alleen die voorreg gehad om die Urim en die Tummin te dra, gegraveerde steentjies wat moes help om waarheid en leuen uit mekaar te ken en die Here se beslissing oor sake te kry. Daarom het die Jode na die hoepriester gegaan om die wil van God uit te vind. Die Hoepriester was die kontakpunt tussen God en mense en moes by God intree vir die volk en God verteenwoordig by die volk. As die hoepriester gepraat het, was dit asof die Here self met mense gepraat het- so hoog is hy geestelik aangeslaan. As Hoepriester het Kajafas toesig oor al die ander priesters in die tempel gehad en was hy ondergeskik aan die Romeinse goewerneur van Judea alleen, in hierdie tyd Pontius Pilatus. In die tyd van Kajafas was die hoepriester nie net die geestelike leier van die volk nie, maar ook die politieke leier van die volk. Een van die grootste take van die hoepriester was om op die Groot Versoendag in die allerheiligste deel van die tempel in te gaan, daar waar geglo is God self teenwoordig was om offers te bring vir sy eie sonde en die volk se sonde. Hy was al priester wat ooit in die Allerheiligste deel van die tempel toegelaat is.

Kajafas was ook voorsitter van die Joodse raad of Sanhedrin wat uit 71 lede bestaan het. Dus kon jy nooit 'n gelykop uitslag kry nie. Die Joodse Raad of Sanhedrin was die hoogste gesag in die Joodse samelewing en wat hulle besluit het, het die hele volk gebind of het vir die hele volk gegeld. In die Joodse raad was daar twee groepe. Die een was die Fariseers waarvan Saulus wat later Paulus word, ook eens behoort het. Hulle het meer gefokus op die Joodse wet en die maak van godsdienstige wette en om dit vir die volk te leer. Dan was daar ook die Sadusseers. Kajafas het tot hierdie groep behoort. Hulle was die priesters, maar hulle het op baie meer as godsdienste gefokus. Hulle was baie ingestel op mag en hulle posisie en was baie politieke mense. Baie van die tempelbelasting wat die gewone Jood moes betaal het ook in hulle sakke beland. Hulle was dus oor die algemeen ryk en mense met politiese konneksies. In Suid-Afrika vandag sou hulle van Watson of Zuma gewees het. Die Sadusseers het die meerderheid plekke op die Joodse raad beklee. Die Sadusseers het enige bestaan van die lewe na die dood ontken of dat dooies kon opstaan of dat daar 'n geestelike wêreld is wat bestaan uit demone en engele.

In die tyd wat Kajafas hoëpriester was, was die Romeine in beheer van Israel. Hy was as die hoogste godsdienstige leier van die Joodse volk die skakel tussen Rome en die Joodse volk. Hy sou dus ten alle

koste hierdie goeie verhouding met Rome wou handhaaf, anders kon sy posisie en mag in die gedrang kom.

Hoekom was Jesus hierdie groot bedreiging vir Kajafas en die Joodse raad?

Die eerste rede is dat hy vir Lasarus uit die dood opwek (invloed van wondertekens) (Johannes 11).

As Sadusseer was die opstanding van Lasarus vir Kajafas en die Sadusseers hierdie geweldige aanstoot. Hulle het nie daaraan geglo nie en sou hulle eie spin op hierdie gebeure rondom Lasarus wou plaas. As Jesus werklik mense uit die dood kon opwek, watter bedreiging was hy nie vir die mag wat die Joodse geestelike leiers op die volk gehad het nie? Ons lees in Johannes 11 die Joodse raad was bekommerd oor die invloed van Jesus se wondertekens wat mense na Hom sou trek en per implikasie weg van hulle en die tempelsisteem.

Jesus kan die tempel van God afbreek en in drie dae herbou (Mattheus 26).

Dit is wat die vals getuies beweer Jesus gesê het. As die Joodse raad hierdie woorde hoor, dink hulle nie aan die ware bedoeling dat Jesus gaan sterf, dat Hy God se nuwe tempel is en dat Hy na drie dae weer gaan opstaan nie. Hulle hoor Hy gaan die fisiese tempel afbreek, die een van klei en klip. En dan is hulle oorbodig en hulle dienste nie meer nodig nie. Geen tempel, geen priesters, geen offersisteem en geen tempelbelasting nie. Jesus het dus vir hulle gelyk of Hy hulle lewensbestaan kon bedreig.

Jesus kon openbare opstand en onrus aanwakker (civil disobedience) (Johannes 11).

Die Romeine was met die massiewe ryk waaroor regeer het, oor die algemeen redelik verdraagsaam teenoor hulle onderdane. Een ding het hulle egter wreed gestraf- openbare opstande. Die Joodse Raad was bang Jesus sou die gewone Jode tot opstand teen die Romeinse regering lei en dat die Romeine dan uit weerwraak die Joodse tempel in Jerusalem sou kom verwoes en 'n groot deel van die Joodse volk sou kom uitwis. Dit het die Romeine in elk geval in 70 na Christus gedoen, ten spyte van mense soos Kajafas se pogings om die tempel te bewaar.

Jesus verbind Homself met God (Mattheus 26).

Kajafas vra aan Jesus die vraag: Is jy die Christus, die Seun van God? Jesus haal dan onder andere Daniel 7 aan waar verwys word na die Seun van die mens en pas dit op Homself toe. Hy is die Seun van die mens wat verwys na die Messias, die Een deur God gestuur en ten nouste aan hom verbind is en die Joodse volk sou lei na bevryding. Daarna skeur Kajafas sy klere en kla Jesus aan van godslastering. Hy het die basiese leerstelling van die Joodse wet en die Ou Testament oortree dat daar net een God is. Kajafas kon egter nie vir Jesus teregstel nie. Net die Romeinse regering kon mense teregstel. Hy moes dus vir Rome oortuig dat Jesus nie net die Joodse wet oortree het nie, maar dat Jesus gesê het dat Hy 'n Koning is soos wat die Messias geglo is sou

wees. Hy het Hom dus teenoor die mag van die Romeinse keiser opgestel wat alleen as Koning gesien en erken is.

Wat leer ons uit Kajafas se lewe en optrede?

God en Jesus was al die tyd in beheer, nie Kajafas nie.

Kajafas wou beheer oor die Jesus situasie verkry. Hy vertel daaarom die res van die Joodse raad dat as hulle Jesus so sou laat aangaan, die mense in hom sal glo. Daarom kom Kajafas met die oplossing. Dis hoe hy beheer oor die Jesus-situasie wou verkry. Hy uiter in Johannes 11 die woorde: Dit is tot julle voordeel dat een man vir die volk sterwe eerder as dat die hele nasie verlore gaan. Die waarheid egter: as Jesus geestelike mag by die volk kry, verminder ons mag by hulle. Hierdie woorde word as profesie beskou, want dit was presies God se plan- dat Jesus sou sterf om die hele volk van Israel en alle mense te red. God gebruik Kajafas sonder dat dit self beseft om sy plan met Jesus uit te voer. As ons in Handeling 4 lees, word Kajafas se naam weer genoem- hierdie keer is hy saam met sy skoonpa Annas betrokke by die verhoor van Jesus se dissipels wat in Handeling 3 'n verlamde man in sy naam genees. Kajafas se betrokkenheid by Jesus se dood help hom niks. Jesus se dood en opstanding verminder nie sy invloed soos Kajafas-hulle gehoop het nie, dit vermeerder dit. Die dissipels doen ook soos Jesus wondertekens en verkry groot aansien onder die volk. As Kajafas en die leiers van die volk die dissipels verhoor, is hulle verbaas oor Petrus en Johannes se vrymoedigheid, want hulle is dan maar ongeleerde en eenvoudige mense. Maar hulle praat onder beheer van die Gees. Kajafas ken kennis, maar hy ken die nie God se Gees en sy werk nie. Kajafas se teenstand teen die evangelie wat Jesus se volgelinge verkondig, keer nie die verspreiding daarvan nie. As die Joodse godsdienstige leiers die dissipels van Jesus vervolg wat gebeur? Die evangelie versprei oor die hele wêreld.

Ons moet na ons eie tyd kyk en hierdie waarheid hoor wat die Bybel ons leer. God is in beheer, nie mense nie. Nie Ramaphosa nie, nie Malema nie, nie Kallie Roets nie. God is in beheer. Dis belangrik om dit in hierdie verkiesingsjaar te hoor. God is in beheer. Die toekoms is in sy hande.

Kajafas was dalk in sy tyd belangrik in die paar jaar geskiedenis van Israel toe hy Hoepriester was, maar hy word op die ou end maar 'n klein en onbenullige voetnota by die lewe en sterwe en opstanding van Christus Jesus. Die een wat Hy ter dood veroordeel het met vals getuienis, wat Hy skuldig bevind het voor Hy Hom gevang het, het op die ou end vir die hele wêreld lewe en hoop gebring en vir ons wat skuldig voor God staan, van ons skuld vry gekoop. Kajafas is die hoepriester van Israel, maar hy mis die belangrikste van alles- geloof in Christus Jesus Wie alleen ons kan red. As hoepriester het Kajafas

op die tulband om sy kop 'n goue blom gedra as simbool van lewe en verlossing. Maar hy is deel van die proses om die lewe te neem van die Een wat alleen die wereld kon verlos.

Daar is altyd twee koninkryke aan die werk.

Ons sien in die verhaal van Jesus en Kajafas altyd twee koninkryke aan die werk. Die eerste is die koninkryk van die wereld waarvan Kajafas en die Romeine deel was, waar dinge soos mag en manipulasie en die beskerming van jou eie belang en die belang van mense soos jyself die grootste rol speel. Jou aansien of hoe jy vir mense voorkom is baie belangrik. Jy mag soos Kajafas dalk baie godsdienstig wees, maar jou afgod is eie belang of volksbelang of die nasionale belang. Ons kan dit seker die Trump faktor noem. Dis om eerder jou eie belang te beskerm as om God se belange te dien. Hierdie koninkryk lei altyd tot die dood-veral hier in jou siel en gees.

Die tweede koninkryk wat hier aan die werk is, is die koninkryk van God. Hier speel dinge soos aansien en posisie geen rol nie. Jesus kies om eerder van aansien en eer gestroop te wees en niks te wees in die oë van mense. Hy sterf soos 'n misdadiger saam met die misdadigers. God se koninkryk werk met waardes en beginsels soos om ander te dien en om gehoorsaam eerder aan God as aan mense te wees soos ons die dissipels in Handeling 4 hoor praat. Wat God van my sê in Sy Woord is belangriker as die aansien en eer wat ek in die oë van mense het. God se goedkeuring is belangriker as die goedkeuring van mense. Hierdie koninkryk bring altyd lewe.

Hierdie twee koninkryke is ook aan die werk in ons lewens. Jy kan godsdienstig wees maar ver van God lewe. Ons lees dit waar Jesus die Joodse geestelike leiers aanvat in Mattheus 23: Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Watter koninkryk is in beheer in jou en my lewe?

Kajafas se lewe is beheer deur kleiner gode. Dis baie keer waar van ons lewens ook.

Andy Stanley verduidelik dat die twee little gods wat in beheer van Kajafas se lewe was sy volk en die tempel. Waarskynlik ook sy rykdom en sy posisie. Hy sou sy volk en die tempel beskerm, selfs as moes hy iemand daarvoor laat sterf. Dis eintlik verskriklik. Hy het as Hoepriester die oudste kopie van die Joodse wet moes bewaar- die Joodse wet waarin gestaan het jy mag nie moor nie. Hy laat dit juis gebeur. Dit is die grootste teken dat hy ander gode dien en nie die ware God nie.

Ons het laas Pinkster juis oor hierdie beginsel gepraat van vals gode- die dinge wat eintlik bo God in ons lewe kan wees. Sukses. Geld. Aansien en invloed by mense. Voorkoms. As jy wil weet hoe belangrik hierdie dinge in jou lewe is, vra waaroor droom jy in die nag. En wat in jou nagmerries is die dinge wat jy bang is om te verloor? Hulle verklaar wat die werklike gode is wat in beheer van ons lewe is.

Jesus ons Groot Hoepriester:

In Hebreërs 4:13-16 word Jesus ons groot Hoepriester genoem- Hy het deur die hemele gegaan, maar is ook die Een wat nie sonder medelye met ons swakhede is. Hy het immers deur elke versoeking gegaan waardeur ons gaan , maar Hy het nie gesondig nie. Anders as die Hoepriester van Israel bring Hy op die Groot Versoendag van SY kruisiging nie ook die offer vir Sy eie sonde nie, net vir die sonde van die vol ken die hele mensdom. Jesus doen aan die kruis wat die Hoepriester van Israel eintlik moes doen- Hy is die kontakpunt tussen God en mense en herstel die verhouding tussen God en mense deur SY dood. As groot Hoepriester red Jesus nie net die Joodse volk nie, maar elke Romein en elke mens en verenig ons almal later IN Sy kerk.

Die gevaar van selfmisleiding en ander-misleiding:

Ons het hierdie ongelooflike vermoë om onself te mislei. Kajafas sou homself as hierdie goeie mens beskryf het wat moeilike keuses soos die dood van Jesus moes maak omdat Hy God wou dien en God se mense wou beskerm. Hy het egter homself en sy kollegas en die volk van God mislei. Hy het nie ingesien dat hy in Jesus God voor hom en hier by hom gemis het nie. Die geskiedenis het dit eers veel later uitgewys. Hy het nie geweet die Een wat hy onskuldig veroordeel het waarlik die Seun van God was nie. Maar ons weet Hy is juis dit. Daarom moet ons voor Hom buig met ons hele lewe en Hom dien. Daarom moet ons woorde en optrede ook vertel: Ek sal eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense. Dit is miskien die kern wat ek by **Andy Stanley** ook gehoor het oor Kajafas: **Saying yes to God will cost you, saying no will cost you more.** God gaan jou en my nie eendag vra hoe suksesvol was jy, hoeveel besighede het jy bestuur, hoe was jou aandele-portefeulje of watter kar jy gery het nie. Hy gaan nie eers vra of jou kinders suksesvol was of volgens jou goeie mense nie. Hy gaan jou die een vraag vra wat Kajafas se verhaal ook vra: Wat het jy met Jesus gedoen? Wat was jou keuse rondom Jesus? En het jy daardie keuse uitgeleef?

Amen